PENELOPE SILVA (red.)
*The Albany journals of Thomas Shone*
Kaapstad: Maskew Miller Longman
1992
303 pp.
R75,84
ISBN 0-636-01607-2

Hierdie boek, in 'n hardeband, met 'n historiese en geslaagde stofomslag, is nr. 12 in: *The Graham's Town Series,* van die Universiteit van Rhodes. Die doel met hierdie reeks is: "... to present, in a series of scholarly editions, diaries, collections of letters and other material relating to the Eastern Cape in the nineteenth century". Die betrokke uitgawe voldoen gewis aan hierdie benadering.

Die publikasie bevat 'n inhoudsopgawe, ses bruikbare bylae, elf foto's en sketse, onder meer 'n geslaagde foto van die persoon, Thomas Shone (1784-1868), om wie dit gaan, 'n noodsaaklike uiteensetting (pp. ix-xi) van die redaktrise se benadering en metode, 'n verduideliking van die talle afkortings (p. xii), 'n nuttige voorwoord (pp. xiii-xv) asook 'n lys name van mense aan wie erkenning verleen word dat hulle die uitgawe vooraf bestel het of dat hulle meegeleef en tot die ontrafeling bygedra het. In beide gevalle tref die verskeidenheid name en beroepe 'n mens; is dit vaklui en algemene publiek of

mense van ander belangstellingsterreine. Kortom, die reeks geniet die steun van die breë samelewing, en dít is noodsaaklik en goed.

Verder is die verhaal van die manuskrip op sigself interessant (pp. xvii-xviii) en dis ook so weergegee. Die inleiding (pp. 3-45) is vry volledig en deeglik - rakende die Oos-Kaap 1820 tot 1859 - maar daar bestaan tog 'n leemte deurdat byna geensins na die Afrikanerpioniers of na die Voortrekkers verwys word nie. En hierdie mense het inderdaad daagliks die lot van Britse Setlaar en swart inboorling in hierdie gebied en tydperk gedeel. Immers, Shone se huis is juis in 1834 met die Sesde Grensoorlog afgebrand; 'n feit wat die Trek beseël het.

Die "Journals" self word op pp. 49-213 weergegee, met pynlik volledige, verklarende notas op pp. 213-242. Hiervoor verdien Silva aanprysing. Ook die drie kaarte, 'n stewige bibliografie en 'n register verhoog die benutbaarheid en die gehalte van die uitgawe.

Die aantekeninge deur Thomas Shone gemaak, dek min of meer die tydperk 1838-1859, maar dis soms sprongsgewys en die jare 1840-1849 ontbreek volledig omdat een of ander "slim/besorgde" voorsaat die bepaalde era as te volledig en persoonlik beskou het, en gevolglik die familie se beeld wou beskerm. Dis natuurlik 'n tragedie, want Shone se bydrae is juis betekenisvol omdat hy as gewone, algemene, sukkelende Setlaar skryf. Hy is nie 'n leier nie, maar iemand met ellende, 'n drankprobleem, met skuld, met 'n buite-egtelike verhouding met Ann Hiscock, met gevangenisstraf. Sy waarneming, belewenisse, eensaamheid, armoede, sarkasme en geloofstwyfel skilder egter 'n noodsaaklike faset van die gemeenskappies van sy tyd. Hy skryf baie vir en oor homself, maar hy was bewus van 'n breë nageslag wat dit óók gaan lees. En hier is dit dan nou inderdaad toeganklik gemaak sodat plaaslike, sosio-kulturele, eietydse en algemene ervarings breër beslag kry. Die politieke strydvrae, terloops, word byna geensins aangesny nie.

Verder leer ons iets ken van resepte en medisynes, van sy vrou Sarah Philips, gebore 1794, met wie hy in 1814 in Engeland getroud is en wat in 1837 ná nege kinders oorlede is. Daar is inligting oor vreemde woorde wat deurgaans voorkom (pp. 266-270), 'n stamboom van die familie Shone (pp. 271-273), wat die twee buite-egtelike kinders by Ann Hiscock (en die een by Hannah Cornwall?) insluit. Van groot waarde is voorts die biografiese notas toegevoeg tot 'n lang lys name wat in die geskrif voorkom (pp. 243-265).

Hier en daar val interessante woorde 'n mens op soos dit deur Shone self gebruik is: pou (p. 205), tyger (p. 210), tronk (p. 209), mist = beesmis (p. 219), plus dan kaffer, kaffre, kaffir, kaffres, Kafferland, Kaffir Police en verdere variasies. (Kyk ook p. x). Op. p. 288 verskil die Aasvoël Vlei in die register van die Aasvoël Vlei op p. 216 in die teks. So ook kom Assegaibosch voor (p. 71 en p. 180). Verder interessant is Shone se skrikking (p. 222).

Terloops, volgens p. 261 is Sarah Philips in 1794 gebore en in 1814 met Thomas Shone getroud. Sy is in 1837 oorlede - op 44 jaar, aldus die grafsteen (p. 55)! Maar 1794 tot 1837 beteken slegs 43 jaar; hoé 'n mens dit ookal bereken! Verder is dit jammer dat sodanige aantekeninge byna nooit volledig gepubliseer word nie - gewoonlik vanweë lengte en gevolglik uitgawes. Silva sê self (p. ix) dat sy beskrywings van plaasbedrywighede, klimaattoestande, die vervaardiging van skoene en lyste van algemene aankope uitgesluit het. Maar dis juis daardie dinge óók wat, kultureel gesproke, van onskatbare waarde is. Gelukkig "vergoed" Silva dan weer met haar pynlik nagespeurde geskiedenis van Thomas Shone tussen 1784 en 1820; sy betrokkenheid by die Vrymesselaars, sy ellendige eensaamheid (pp. 32, 33, 34), in die jare 1859-1868, en sy vasberadenheid om nogtans en ongeag alles voort te worstel.

Hierdie boek is nuttig, interessant, 'n mooi bydrae. Dit sal kwalik voorgeskrewe vakliteratuur word. Maar rondom die Oos-Kaap en spesifiek die Setlaar-milieu sal dit gunstig as bron aangewend word. Verder sal sosioloë en kultuurhistorici méér as ander verwante vaklui uit die publikasie put.

MARIUS SWART
*Universiteit van Port Elizabeth*